

Lekkerbekkie Nuusbrief

13 AUGUSTUS 2015 | UITGAWE 103



Inhoud:

- * Kinderstorie: Gertjie die superheld
- * Produk van die week: Stout Hasie op CD!
- * Inkleurentjie: Gertjie die superheld

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Gertjie die superheld deur Janet Kieswetter

Vandag is Gertjie saam met sy mamma en sy baba-sussie in die winkels. Sy mamma is haastig, en sy loop vinnig tussen die rakke deur. Sy stoot Gertjie se baba-sussie in die trollie. Gertjie is moeg van al die inkopies. Toe hulle by die speelgoedrak kom, sien hy 'n groot, sagte teddiebeer op die vloer sit. Hy besluit om 'n rukkie op die beer se skoot te sit en rus. Maar toe hy opkyk sien Gertjie iets wat sy ogies sommer groot laat rek. Dis 'n blou superheld-pak wat daar teen die rak hang! Hy wou nog altyd so 'n pak gehad het!

"Mamma!" sê Gertjie. "Kyk!"

Maar Gertjie se mamma is skielik weg. Sy het nie gesien dat Gertjie by die speelgoedrak gaan sit het nie, en sy het verder gestap met sy baba-sussie in die trollie. Gertjie wil-wil net bang raak, maar dan besluit hy om eers die superheld-pak aan te trek... Hy wil net sien hoe dit lyk, DAN sal hy na sy mamma en sussie gaan soek!

Net toe Gertjie die blou superheld-pak aanhet en die superheld-masker op sy oë sit, gebeur 'n snaakse ding. Hy skiet sommer so in die lug in op! Hy sweef deur die lug hoog bo die rakke. Die superheld-pak het hom in 'n regte egte superheld verander!

Maar wat sien hy nou daaronder? 'n Dief het nou net 'n ou tannie se handsak gryp en na die winkel se deure begin hardloop. Gertjie vlieg tot kort op die dief se hakke en skree: "Stop dief!" Die dief draai verbaas om, en Gertjie duik af en gryp die handsak by hom. Soos blits vlieg Gertjie om en om die dief tot hy die dief heeltemal dronk is daarvan! Hy kan nie meer hardloop nie en val plat op die winkelvloer.

Gertjie gee die ou tannie se handsak vir haar terug. Al die mense klap hande en juig: "Dapper Gertjie, die superheld!" Gertjie glimlag en skiet weer die lug in! Hy vlieg in sirkels in die winkel rond en sien hoe sy ma en kleinsussie na hom soek by die speelgoed. Hy duik af en land saggies reg voor hulle.

"Gertjie! Hier is jy! Word wakker!" Gertjie skrik wakker en sien sy mamma hier voor hom staan. Hy het sowaar hier tussen die speelgoedrakke aan die slaap geraak op die sagte teddiebeer se skoot! Hy was seker baie moeg van al die inkopies doen.

En raai? Gertjie se mamma is só bly dat sy hom gekry het, dat sy nie eens vies is nie. ÉN sy besluit om sommer vir hom die blou superheld-pak koop wat aan die winkelrak hang!

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!

Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Stories oor Stout Hasie op CD!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Hierdie week verskyn 'n splinternuwe storie-CD vir ons 2-5 jarige maatjies! "Sewe stories oor Stout Hasie" vertel vir die kinders wat gebeur wanneer hasies nie hulle tande wil borsel nie, of nie hulle kos wil eet nie, of wanneer hasies ander hasies afknou... Die stories is kort en eenvoudig, vol lewendige byklanke vir kleuters wat nog leer om te luister. Die CD is beskikbaar in Engels ook, en verskyn saam met 'n heerlike A4 pretpak met inkleurprente oor die stories. Koop jou Stout Hasie storie-CD + Pretpak nou @ slegs R100 by enige Anna Emm agent, of kry dit teen die normale pryse: CD R95 | Pretpak R20 direk by ons. Aanbod sluit Maandag 17 Augustus.



ANNA EMM KINDERSTORIES

SEWE STORIES OOR
Stout Hasie

Stories vir 2-5 jariges

Wat gebeur wanneer hasies nie hulle tan

ANNA EMM KINDERSTORIES
Pretpak Activity pack
Stout Hasie
Naughty Rabbit
annaemm

Storie-CD vir kleuters

1. Wanneer hasies nie wil tande borsel nie
2. Wanneer hasies jokstories vertel
3. Wanneer hasies nie hulle kos eet nie
4. Wanneer hasies speelgoed breek
5. Wanneer hasies nie wil deel nie
6. Wanneer hasies nie wil bad nie
7. Wanneer hasies ander hasies afknou

Normale pryse: CD R95 | Pretpak R20
Aanbod sluit 17 Aug

annaemm
kinderstories

Sewe lekkerluisterstories vir 2-5 jariges!
Ook beskikbaar in Engels.
Kry jou CD + A4 pretpak @ slegs R100!

Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Gerjcie die superheld illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstories-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za